Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 35 NO 03 • MAY / JUNE 2021



## MARKMONITOR: DIE EERSTE DRIE MAANDE VAN 2021 OP VARSPRODUKTEMARKTE

## POTATO TUBER MOTH INSECTICIDES, MODES OF ACTION, AND SENSIBLE USE

**Mechanisation training for Limpopo producers**

**PSA's roll-out of its mass media campaign**

**Limpopo-kultivarproef onder besproeiing: Dendron**

# Tendense op varsproduktemarkte: Deel 2


Deur FP Coetzee en Pieter van Zyl, Aartappels SA

In ons reeks artikels wat handel oor varsproduktemarkte (VPM'e) in Suid-Afrika, kyk ons in Deel 2 na die vernaamste produkte wat op VPM'e verhandel word. *Figuur 1* gee 'n aanduiding van die algehele tonnemaat wat op VPM'e verkoop word.


Aartappels is die topverkoper, met net meer as 1 miljoen ton per jaar oor die afgelope paar jaar verhandel. Dit wil voorkom asof daar sedert 2009 'n stygende tendens vir alle produkte – ook alle groente – waargeneem kan word. Let egter op die dalings in getalle tydens 2019 en 2020. Is daar rede tot kommer?

Die markaandeel van aartappels wissel oor tyd tussen 30 en 36%, aldus *Figuur 1*. Piesangs is die vernaamste vrug, met 'n gemiddeld van 220 000 ton se verkope per jaar oor die afgelope vyf jaar. Die markaandeel van uie is net meer as 10%, tamaties is sowat 9%, terwyl piesangs se markaandeel ongeveer 7% beloop.

**Figuur 1: Die algehele tonnemaat verkoop op VPM'e.**




**Figuur 2: Gemiddelde reële prys per ton oor tyd vir geselekteerde produkte.**





## Stygende tendens in reële prys

*Figuur 2* dui daarop dat die reële pryse (nadat voorsiening vir inflasie gemaak is) van die geselekteerde produkte oor die lang termyn 'n stygende tendens toon. Dit blyk egter dat reële pryse in die laaste tien jaar sywaarts begin beweeg, spesifiek vir aartappels en uie. Reële produksiekoste styg, wat beteken produsente se winsgewendheid is onder druk.


VPM'e se algehele nominale omset van verlede jaar (alle produkte) was net meer as R19 miljard. Let op die voortdurende styging in reële omset oor tyd (*Figuur 3*), terwyl verkoopsvolume eers sywaarts beweeg en sedert 2009 'n opwaartse tendens begin toon het.

*Figuur 3* is feitlik identies indien dit op aartappels van toepassing gemaak word. Produsente se reële omset styg dus oor tyd, maar wat gebeur met hul produksiekoste? In 'n vorige artikel is die prys-kosteknyptang in die aartappelbedryf uitgewys.

**Figuur 3: Alle produkte op VPM'e se reële omset versus verkoopsvolume – styging oor tyd (indeks 1997 = 100).**




**Figuur 4: Kilogram per kapita-verbruik van alle varsprodukte verkoop op VPM'e.**




Dit is dan geen wonder dat die hoeveelheid aartappelprodusente konstant oor tyd afneem nie. Die twee tendense in *Figuur 3* wys dat reële inkomste vinniger styg as verkoopsvolumes oor tyd. In Deel 3 sal individuele markte egter van nader beskou word. Nou lyk die prentjie nie meer so rooskleurig nie.

*Figuur 4* gee 'n aanduiding van die kilogramverbruik per kapita van alle varsprodukte wat op VPM'e verkoop is. Die per kapita-verbruik het afgeneem van 66kg in 1997, tot 54kg in 2020.

## Ten slotte

Ons weet dat heelwat aartappels buite markte verkoop word, maar wat gebeur met ander produkte? Ons kan dus nie noodwendig beweer dat Suid-Afrikaners gemiddeld minder varsprodukte eet nie. Of is dit dalk so?

Die varsproduktebedryf word al hoe meer gespesialiseerd, en risiko's neem toe, onder meer as gevolg van stygende insetkoste wat marges onder druk plaas. Dit is ook redelik arbeids- en kapitaal-intensief. Produsente moet onder andere ekonomie van skaal najaag, ten einde te kan oorleef.

Vir enige navrae, kontak FP Coetzee by epos fp@potatoes.co.za of Pieter van Zyl by epos pieter@potatoes.co.za.

JOOSTE
Cylinder & Pump Co. (Pty) Ltd
Suier & Pomp Mpy. (Edms) Bpk
Vanzylstraat 8, Strand, 7140
Tel : (021) 854-6518
Sedert 1967

**JOOSTE** Produkte sluit in; Windpomp Boorgat Silinders, Forssilinders, Vlotterkleppe, Forskoppe, Roeskeerders, Voetkleppe, 'Sub-Assemblies', Suierstelle, Pypbeskermers, Voetklep Aanpassers, Handpompe, Onderdele en meer!

53 JAAR SEDERT 1967



www.joostecylinders.com
info@joostecylinders.com

Jooste produkte is beskikbaar by meeste landbou ko-operasies.
Bestellings kan ook direk by ons geplaas word.

EGTE JOOSTE PRODUKTE